EKONOMIESE WEERBAARHEID

Doel

Om die Verkenner te help om 'n verantwoordelike rentmeester in 'n veeleisende ekonomiese sisteem te word

Uitkoms

Verantwoordelike finansiele besluite kan maak

Doenwenke

- Verstaan hoe die belangrikste elemente van 'n ekonomie jou raak
- Stel jou eie begroting op
- Beplan die soort besigheid wat jy eendag wil bedryf
- Werk uit hoeveel geld jy in die bank gaan he oor 20 jaar as jy elke maand net R10 spaar (maak van die beginsel van saamgestelde rente gebruik)
- Hoe om jou raadgewers te kies
  - Iemand wat sukses in die spesifieke area behaal het
  - Iemand wat 'n kundige is op die spesifieke onderwerp
  - Iemand wat al gefaal het in die spesifieke onderwerp maar weer opgestaan en 'n sukses gemaak het - benader die persoon egter met baie respek en agting

Slaggate

- As jy nie kan somme maak nie
- As jy nie die basiese beginsels van 'n begroting verstaan of nie self 'n begroting kan opstel nie
- As jy nie weet wat die plek van geld in jou waardesisteem behoort in te neem nie
- As jy nie weet waarom dit belangrik is dat jy sinvol bydra tot die land se ekonomie nie

As deel van Die Voortrekkers se visie wat gedurende die 2005 kongres aangeneem is, wil ons die Afrikanerjeug toerus om suksesvol te wees. Daar kan ure gedebatteer word oor wat sukses is. Daarom praat ons hier oor breë ekonomiese terme of eerder finansiële beginsels. Ons daag jou uit om die dinge wat hier bespreek word, daagliks in die wêreld om jou raak te sien. Volgende keer wanneer jou pa bly raak as mnr. Tito Mboweni (President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank) sê die repokoers kom met 50 basispunte af, gaan jy weet hoekom.

Sonder om van jou 'n ekonoom of finansiële analis te maak, is daar terme wat jy moet ken en verstaan. Jy het deel geword van die ekonomie die dag toe jy jou eerste sakgeld spandeer het - dus beïnvloed dit jou direk. Elke term se definisie word gegee en dan wat dit in gewone Afrikaans vir jou as Verkenner beteken.

Bruto Binnelandse Produk (BBP)

- Definisie: Die markwaarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van die land binne 'n bepaalde periode.
- Hierdie berekening word gewoonlik kwartaalliks en jaarliks gedoen op 'n seleksie van goedere en dienste wat as verteenwoordigend gesien word van die land en sy ekonomiese aktiwiteite.
- Hierdie syfer word dan vergelyk met die vorige verwante BBP wat bepaal is (hetsy vorige kwartaal of jaar) en as persentasie uitgedruk. 'n Tipiese nuusberig sal lui: “die BBP het op 'n jaargrondslag met 3,6% toegeneem”.
- As jy hieroor nadink, is dit logies om te sê die ekonomiese aktiwiteit (ekonomie) het met 3,6% gegroei in vergelyking met dieselfde tyd 'n jaar gelede.
- Die nasionale regering het groot projekte aangepak om die ekonomiese groei tot 6% te laat toeneem.

Doenwenk:

Daar is verskeie faktore wat die BBP beïnvloed. Dink 'n bietjie daaroor na en lys 'n paar:

- _____
- _____
- _____
- _____
- _____

Inflasie

- Definisie: Die netto toename van pryse van goedere en dienste in die land.
- Dit is 'n baie eenvoudige term om te verstaan, omdat die definisie vir homself spreek. Dit is ook 'n berekening wat jy self kan doen ten opsigte van individuele items.
- 'n Tipiese voorbeeld is selfoonkoste. 'n SMS buite spitstyd het aanvanklik 33c gekos en is toe later verhoog na 35c. Dus 'n prysstyging (inflasiekoers) van 6,06%
- Inflasie is ook 'n faktor wat ekonomiese groei kan strem, want as items duurder kos kan Jan Alleman minder koop. Dit maak dat minder geproduseer moet word anders word die vervaardigde produk nie gekoop (Dit word verklaar deur die sogenaamde vraag-en-aanbod-teorie. Jy hoef nie dié teorie te ken nie).
- Daar is verskeie dimensies van inflasie, maar die een wat jou meer beïnvloed is die Verbruikersprys Indeks (VPIX). In wese bly dit inflasie. Dus, die nuusberig hieroor sal wees: “Die VPIX het op 'n kwartaalgrondslag met 4,3% toegeneem.”
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het 'n inflasieteiken daargestel van 3-6%.
- Inflasie word weer op sy beurt deur die repokoers beïnvloed. Rentekoerse as breë term word as volg verduidelik:

Rentekoerse

- Definisie: Die prys wat betaal moet word vir elke rand geleen; uitgedruk as 'n persentasie of proporsie.
- Die onderbou van alle rente is die repokoers: Dit is die koers waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) geld aan banke en soortgelyke finansiële instellings leen.
- Dus kan ons as publiek nie geld by die Reserwebank leen nie. Die SARB is die “bank” van die handelsbanke (soos ABSA, FNB, Nedbank, ens.), ander finansiële instellings en die regering.
- Handelsbanke is 'n besigheid en moet dus ook wins maak. Daarom sit hulle 'n addisionele 3% by die repokoers en dit is die koers waarteen ons kan leen (prima uitleenkoers).
- Die 50 basispunte verlaging in die repokoers, wat in die inleiding gemeld word, beteken dat jou pa 0,50% minder rente gaan betaal op julle huislening, voertuie, kredietkaarte, ens. Daardie halwe persentasie klink min, maar as jy 'n lening van 'n miljoen rand het, gaan dit 'n groot verskil maak - jy kan selfs meer sakgeld kry.
- Dus, ter verduideliking: Veronderstel jy leen R 1 000 by jou oupa. Julle kom op 'n rentekoers van 11,5% per jaar ooreen, en jy gaan die bedrag oor 'n termyn van een jaar aan hom terugbetaal. Na 'n jaar moet jy hom R 1 000 + R 115 (rente) = R 1 115 terugbetaal.
- Jy kan ook rente ontvang op beleggings maar dit sal onder 'Versekering en Beleggings' bespreek word.
- Die heersende rentekoers het ook 'n invloed op ons land se wisselkoers.

Doenwenke:

Gaan vind uit wat is die huidige repokoers? _____

Wat is jou handelsbanke se prima uitleenkoers? _____

Wisselkoers

- Definisie: Die koers waarteen een land se geldeenheid verruil word vir 'n ander. Anders gestel, die prys van een monetêre eenheid in terme van 'n ander monetêre eenheid.
- Dus, as die Rand verhandel teen R 6,52 vir een Amerikaanse dollar, beteken dit dat ons in SA vir een dollar R6,52 moet betaal.
- Die rentekoers bepaal hoe duur jou land se geld is en as jou geld duurder word (rentekoerse styg) kan jou wisselkoers versterk na bv. R6,40:$1.

Doenwenke:

Wat is die huidige R:$ (Rand:Dollar) wisselkoers? R_____ op _____(datum)
Wat is die huidige R:EU (Rand:Euro) wisselkoers?R_____ op _____(datum)
Wat is die huidige R:£ (Rand:Pond) wisselkoers? R_____ op _____(datum)
Wat is die huidige R:¥ (Rand:Yen) wisselkoers? R_____ op _____(datum)

Hoeveel Rand gaan dit jou kos om 'n rekenaarspeletjie van die VSA in te voer as dit $250 kos?

_____ = R _____

Doenwenk:

Jy kan die inligting op die internet by www.google.co.za gaan soek. Tik die bedrag in rand wat jy in 'n ander geldeenheid wil hê in die soekvenster.

Elke geldeenheid het sy eie afkorting:

Rand	=	ZAR
VSA dollar	=	USD
Euro	=	EUR
Britse pond	=	GBP
Yen	=	YEN

Voorbeeld: 200ZAR in GBP [Enter]

Die voorafgaande items kan nie in isolasie gesien word nie.

Daar is verskeie aspekte wat 'n direkte en indirekte invloed op bogenoemde het, naamlik:

- Goudprys;
- Internasionale terreur;
- Natuurrampe;
- Olieprys;
- Ons regering se fiskale (finansiële) beleid;
- Binnelandse vraag en aanbod;
- Inkomstebelasting;
- Wetgewing en vele ander.

Dit gaan jou baie help as jy, voordat jy 'n nuwe onderafdeling aanpak of as jy 'n term nie verstaan nie, net weer vinnig na die definisies, wat in die inleiding behandel word, kyk. As jy meer inligting soek, gaan praat gerus met 'n kenner op die gebied.

BESTUUR VAN EIE FINANSIES

Die eerste en seker die belangrikste aspek in die bestuur van jou finansies is om te beplan. Die spreekwoord lui "Besin, eer jy begin" of "Goed begin is half gewin".

Die mees basiese beplanningsmeganisme is 'n begroting wat jy maandeliks opstel.

As jy sukkel hiermee, vra 'n kundige persoon om jou hiermee te help.

Hier volg 'n basiese voorbeeld van 'n begroting:

Inkomste	Uitgawe
Sakgeld van Pa	R 150.00
Help Oupa in die tuin	R 35.00
Boetie betaal geleende geld terug	R 25.00
Fliek en uitgaan	R 40.00
Selfoon	R 55.00
Snoepiegeld	R 35.00
Kerkgeld	R 30.00
Spaar	R 50.00
Totaal:R 210.00	R 210.00

Uit bogenoemde voorbeeld sal jy kan sien die persoon het nie net bakhand voor sy ouers gestaan nie, maar het self begin woeker en hande uit die mou gesteek.

Hy het sy oupa in die tuin gehelp, wat twee voordele inhou: hy leer sy oupa beter ken en verdien 'n paar rand. Dit alles in plaas daarvan om te sit en TV kyk of Play Station te speel!

Verder sal jy sien daar was 'n terugbetaling van 'n "lening".

Sy broer is nie 'n Voortrekker nie en het nog nie goeie finansiële gewoontes aangeleer nie. Aan die einde van die vorige maand is sy geld op en sy meisie verjaar. Gelukkig was jy byderhand om te help. Uit dankbaarheid belowe hy toe om nie net die R20 terug te gee nie, maar R25. Bonus (rente) R5 vir jou!

Hierdie is net 'n paar eenvoudige voorbeelde van hoe jy jou inkomste kan vergroot.

Doenwenk:

Hou 'n harsingsgalop (dinkskrum) in julle span oor maniere hoe julle julle sakgeld kan aanvul:

- _____
  _____
- _____
  _____
- _____
  _____
- _____
  _____

Nog 'n ding waarna jy moet oplet in jou begroting, is dat daar geld gespaar word!

Dit is 'n belangrike aspek wat jy uit hierdie voorbeeld en dié afdeling moet leer spaar, spaar en spaar!!! Jy kan byvoorbeeld vir 'n CD spaar of vir die Desembervakansie wat kom.

Op die stadium van jou lewe is daar nie groot en noodsaaklike dinge om voor te spaar nie, maar eerder luukshede. Dit is egter belangrik om dié goeie gewoonte so jonk as moontlik aan te leer. Oor tien jaar, wanneer jy moet begin beplan en spaar vir jou oudag, sal die gewoonte reeds gevestig wees en dit sal vir jou makliker wees as vir iemand wat gewoond is om alles te spandeer.

Dit is redelik maklik om 'n begroting op te stel en mooi drome te hê (om vir iets te spaar), maar as dié groot woord ontbreek, help alles jou niks.

Selfdissipline!!!! In die algemeen sukkel die meeste mense hiermee en daarom sukkel hulle ook met hulle finansies.

Hier is 'n paar wenke en voorstelle:

- Begin deur klein beloftes aan jouself te hou. As jy beplan het om een keer op 'n Dinsdag te gaan fliek doen dit! Moenie dan die Saterdagaand ook uitgaan nie, want dan gaan jou "begrote" geld op wees en jy kan nie eers springmielies en 'n Slush puppy koop nie.
- Hiermee saam moet jy nie geld oor-en-weer in jou begroting leen nie. As R40 vir fliek is, moenie R10 van jou spaargeld leen nie, want daardie spaargeld gaan nooit terugbetaal word nie.
- Wees realisties as jy jou begroting doen. Moenie verwag om met 'n R29 se selfoonkaart vir die maand uit te kom as jy en jou vriendinne selfoonverslaafdes is nie.

Hieruit kan jy ook die volgende leer.

Jy moet jou spandeergewoontes ondersoek en as dit buitensporig is, werk daaraan!

Jou ma is gewoonlik nie 'n goeie persoon om te vra oor jou klere aankoopgewoontes nie, want julle sal nooit genoeg skoene hê nie en "daai bloesie was verlede seisoen mooi, maar nou is hy weer uit".

Hierdeur moet jy nie jouself, of diegene om jou te na kom nie, maar vra jou af: "Het ek regtig dié item nodig?". "Is my huidige item regtig so uit die mode of stukkend dat ek die nuwe een móét koop?" Indien jou antwoord op beide vrae "ja" is (sonder twyfel) is die laaste vraag: "Waar kan ek dit die goedkoopste kry?"

Laaste, maar nie die minste nie, wil ons waarsku teen skuld.

Moenie geld leen as jy nie 120% seker is dat jy dit sal kan terugbetaal nie. Die beste opsie is om heeltemal weg te bly van skuld af! Namate jy ouer word (begin werk of studeer) gaan skuld 'n noodsaaklikheid word (huislening, motorlening, studielening), maar dit moet steeds aktief en nugter bestuur word. Die goue woorde is steeds "kontant kraai koning!"

ENTREPRENEURSKAP

Waarom is dit belangrik dat ons met jou in Die Voortrekkers oor entrepreneurskap gesels? Ons wil jou nie van voor af al die beginsels van entrepreneurskap leer nie. Jy leer reeds baie hiervan op skool. Ons wil net jou geheue verfris.

Entrepreneurskap is 'n term wat maklik rondgegooi word as kitsoplossing vir baie ekonomiese probleme. Dit kan egter ook nuwe ekonomiese probleme skep, daarom moet jy eers al die feite op die tafel hê voordat jy so iets aanpak.

Die beste plek om te begin, is by jou eie denkwyse en finansiële gewoontes. As jy gewoond is om net jou sakgeld te spandeer sonder 'n behoorlike plan(begroting), sal jy eers 'n paar gedragsveranderinge moet ondergaan voordat jy suksesvol kan wees. Jy moet besef dat jy nie net 'n verantwoordelikheid teenoor jouself het nie, maar ook teenoor almal om jou en die mense wat moontlik nog vir jou gaan werk.

Daar is 'n spreekwoord wat lui: “Betaal jouself eerste”. Wat hiermee bedoel word, is dat jy eers jou eie vergoeding betaal en dan die van die ander mense of instansies waarteen jy 'n finansiële verpligting het. Die rasionaal is dat jy jouself betaal wat jou toekom. Deur slimmer en harder te werk, vermy jy die ongelukkigheid van ander mense of instansies as hulle nie voldoende vergoed word nie.

Dit sou teenproduktief wees om eers die ander te betaal en dan jouself, want dan is die gevaar groot dat jy maar net altyd tevrede sal wees met wat oorbly - al is dit nie voldoende nie. So word jy nie gedwing om meer produktief en kreatief te wees in jou besigheid nie.

Daar is 'n belangrike beginsel wat hier van toepassing is - verantwoordelikheid. As jy bogenoemde beginsel sonder verantwoordelikheid toepas, bestaan die gevaar dat jy net aan jou eie belange en nie aan jou werknemers of verskaffers dink nie .

Die spreekwoord “skoenmaker hou jou by jou lees” is uiters belangrik! Moenie gaan probeer fudge by jou skool verkoop as jy nie weet hoe 'n mengbak lyk nie. As jou passie kosmaak is en daar is 'n behoefte daarvoor in jou skool, doen dit. Jy moet finansieel geletterd wees. Dit beteken nie dat jy grade in Rekeningkunde of Ekonomie moet hê nie; jy moet onder andere weet hoe om 'n begroting saam te stel en hoe om 'n winsgrens te bepaal.

'n Goeie begin sal wees om een van die vakke soos Rekeningkunde of Ekonomie op skool te neem, aangesien dit jou 'n breë kennis van die meeste van dié aspekte gee.

Nou kan jy dalk vra: “Maar ek wil 'n kunstenaar of ingenieur word! Waarom moet ek hierdie kennis hê?” Die meeste beroepe het die potensiaal om inkomste te verdien sonder om vir 'n baas te werk (met ander woorde jou eie besigheid), en dis hiervoor wat jy dit nodig het.

Vroeër is daar melding gemaak van slimmer en harder werk. Harder, net as jy met opregtheid besef dat jy jou kant nie ten volle bring nie. Die eeste suksesvolle en ryk mense werk nie baie hard nie, net baie slim. Deur die ure wat tot jou beskikking is effektief te bestuur en produktief te gebruik, hoef jy nie 'n 14 uur 'n dag te werk nie, want agt ure sal voldoende wees.

Nog 'n belangrike beginsel is: As jy nie genoeg weet nie, vra!

Jy hoef nie noodwendig met die bankbestuurder of aandelemakelaar te gaan praat nie, vra 'n suksesvolle sakeman.

Jy sal vind dat namate jy meer weet, jy meer sal wíl weet. Wees gewaarsku! “Goeie advies is goedkoop; slegte advies kan jou baie duur te staan kom”. Die sukses van jou besluite gaan afhang van die kwaliteit van jou raadgewers. 'n Goeie manier om jou raadgewers te keur is om te vra of hulle geakrediteer (geregistreer) is.

Wanneer jy besluit om 'n entrepreneur of 'n belegger te word, kan jou besigheid soos volg geklassifiseer word:

- Besigheid wat deur eienaar bestuur word (eienaar-bestuurder)
  Persoon wat sy eie besigheid besit en dit as eienaar bestuur.
- Besigheidseienaar
  Dié persoon besit 'n besigheid en het 'n bestuurder wat die besigheid namens hom bestuur.
- Belegger in 'n besigheid
  Dié persoon is een van die eienaars van 'n besigheid. Hy kan ook betrokke wees by bestuur, maar nie noodwendig nie.

As jy besluit het hoe jy betrokke wil wees in die besigheid, moet jy besluit watter tipe besigheid jy wil begin.

Daar is 'n verskeidenheid ondernemingsvorme in SA, naamlik:

- Eenmansaak, bv. Vleismark slaghuis
- Vennootskap, bv. Coetzee, Modise & Vennote
- Beslote Koöperasie, bv. Rubicon BK
- Private maatskappy, bv. Taxicon (Edms.) Bpk.
- Publieke maatskappy, bv. Woolworths Bpk.

Elkeen van die bogenoemde het sy eie voordele en nadele. Jy sal 'n spesialis op die gebied moet raadpleeg om die regte keuse te maak.

Daar is egter “skemas” wat bestaan, waar jy reeds 'n bekende besigheidsnaam en beproefde stelsel koop, nl. 'n konsessieskap of beter bekend as “franchise”.

Die naam McDonalds is alom bekend en almal weet as hulle die winkel met die groen dak en baksteen muur sien dat die kaasburger 8cm in deursnee is en 3cm dik.

Jy hoef geen produk te adverteer nie en jou 'naam' is reeds gevestig. Almal van julle sal nou dink dat 'n “franchise” die beste ding na gesnyde brood is, maar dié wonderlike ding kos baie meer as 'n gesnyde brood. Eerstens is dit ongelooflik duur om só 'n konsessieskap te koop en jy moet maandeliks 'n konsessiefooi aan die eienaar (die sogenaamde hoofkantoor) oorbetaal.

Dus, as jy 'n ryk oom of tannie het wat 'n McDonalds vir jou vir jou agtiende verjaarsdag wil koop - baie geluk, jy kan baie ryk word.

BANKE EN ANDER FINANSIëLE INSTELLINGS

Jy weet reeds wat 'n bank is, maar nie noodwendig wat 'n bank alles doen nie.

'n Bank soos Nedbank lewer 'n verskeidenheid dienste aan Jan Publiek, byvoorbeeld:

- Bewaring van geld d.m.v. lopende rekeninge (soos tjek- en spaarrekeninge)
- Verskaf korttermynlenings soos 'n oortrokke fasiliteit op jou tjekrekening en kredietkaart.
- Verskaf beleggingsmoontlikhede aan die publiek wat min het om te belê en beperkte kennis het, byvoorbeeld vaste deposito's, kollektiewe beleggingskemas en oorsese beleggings.
- Verskaf 'n verskeidenheid van adviesdienste:
  - Aftreebeplanning
  - Boedelbeplanning
  - Belastingbeplanning

Uit bogenoemde is daar 'n verskeidenheid aspekte waarmee jy nie vertroud is nie.

Doenwenk:

Gaan na jou bank. Vind meer uit oor die volgende terme en wat die rentekoers of opbrengs daarop is:

Vaste deposito -

_____

_____

_____

_____

Opbrengs = _____%

Kollektiewe beleggingskema (of eerder 'n effekte trust)

_____

_____

_____

_____

Opbrengs = _____%

Noem nog 'n paar handelsbanke wat soortgelyke dienste soos die bogenoemde lewer:

_____ _____

_____ _____

Die rente wat jy ontvang of betaal, word meestal deur die repokoers (aksie: hersien gedeelte wat handel oor die repokoers in die inleiding - rentekoerse) bepaal.

Voorbeelde van 'n paar soorte ander finansiële instellings:

1. Beleggingshuise
2. Aksepbanke
3. Versekeraars
4. Ontwikkelingsbanke

1. Beleggingshuise

'n Instansie wat spesialiseer in die bestuur en maak van beleggings, byvoorbeeld Investec en Allan Gray.

'n Persoon kan so 'n instansie nader om potensiële beleggingsgeleenthede te soek om in te belê. Indien die persoon voel hy is bevoeg genoeg om alles self te bestuur sal hulle hom net adviseer en moontlike transaksies fasiliteer. Hiervoor word 'n administrasiefooi betaal.

Andersins kan jy hulle nader en 'n bedrag by 'n fondsbestuurder/portefeuljebestuurder/batebestuurder (baie name vir iemand wat dieselfde doen) se sorg plaas. Hy bestuur jou geld na goeddunke en enige opbrengs daaruit val jou toe, nadat hy 'n gedeelte daarvan vir homself (die beleggingshuis) geneem het as vergoeding vir die dienste gelewer. Meer besonderhede oor watter opsie om te volg later by 'Versekering en Beleggings'.

2. Aksepbanke

Soortgelyk aan 'n handelsbank, maar hier is die fokus meer op groter kliënte, byvoorbeeld Rand Aksepbank ("Rand Merchant Bank").

Met ander woorde groot maatskappye en mense wat groot bateportefeuljes het en moet bestuur.

3. Versekeraars

Min mense weet van die verskeidenheid dienste wat verskeringsmaatskappye soos Sanlam, Momentum, Old Mutual en Discovery Lewens, bied. Behalwe gewone polisse en ander versekeringsprodukte, het hulle ook beleggingsfasiliteite en 'n verskeidenheid adviesdienste, soos:

- Belastingkonsultasie
- Aftreebeplanning
- Boedelbeplanning

Aangesien daar so 'n groot hoeveelheid mense is wat hulle as finansiële adviseurs voorgedoen het, en nie die nodige kwalifikasies het nie, het die regering wetgewing ingestel om dit te reguleer.

Alle finansiële adviseurs moet nou registreer en aan streng kwalifiserende vereistes voldoen. Die bewys dat iemand finansiële advies mag gee, is wanneer die toepaslike registrasiedokument getoon kan word.

4. Ontwikkelingsbanke

Hierdie banke verskaf hoofsaaklik krediet aan persone en instansies wat die land ophef en ontwikkel.

Voorbeelde hiervan is die Landbank wat geld aan boere leen om hul boerdery te finansier en die Nywerheidsontwikkelingskoöperasie. Hulle sal byvoorbeeld geld aan iemand leen wat laekoste behuising (HOP-huise) wil bou. Hierdie instansies se rentekoerse is gewoonlik aansienlik laer as dié van ander banke en finansiële instellings.

Bogenoemde instellings word direk of indirek deur SARB in terme van wetgewing gereguleer. Dit is die SARB se wetlike taak om die finansiële instellings te reguleer om ons as publiek te beskerm. Die Registrateur van Banke is hiervoor verantwoordelik.

VERSEKERING EN BELEGGINGS

Almal gaan een of ander tyd versekering moet uitneem vir 'n nuwe voertuig, jou huis of kamera. Mense maak beleggings sonder dat hulle dit besef. Wanneer jy aansluit by 'n pensioenfonds of annuïteitsfonds maak jy indirek 'n belegging op verskeidenheid maniere.

Dit is belangrik om te onderskei tussen twee tipes versekering, naamlik:

- Korttermynversekering
  Dit is versekering wat uitgeneem word om jou bates te verseker, hetsy roerend of onroerend.

Byvoorbeeld die versekering op jou ouers se motor en julle huisinhoud. Hierdie tipe versekering beskerm jou teen onvoorsiene gebeurlikhede soos diefstal en brand. Daar is maatskappye wat hierdie diens lewer.

Doenwenk:

Lys 3 van dié tipes maatskappye:

1. _____

2. _____

3. _____

- Langtermynversekering
  Dié versekering neem jy op jouself of 'n persoon uit by wie jy belang het.

Jou pa en ma kan lewensversekering op mekaar se lewens uitneem. Baie maatskappye neem lewensversekering op hul topbestuur en direkteure uit (sleutelpersoonversekering).

Hierdie versekering word gewoonlik op 'n gegewe datum of bepaalbare gebeurtenis uitbetaal, soos by dood van die versekerde persoon of die bereiking van 'n sekere ouderdom.

Doenwenk:

Noem 5 tipes langtermynversekering wat in jou land beskikbaar is:

1) _____

2) _____

3) _____

4) _____

5) _____

Dit is noodsaaklik om beide hierdie tipes versekering te hê. Ons leef in 'n onvoorspelbare wêreld en niemand (of baie min mense) het genoeg geld om in onvoorsiene omstandighede in hulle behoeftes te voorsien nie. Om die nodigheid van korttermynversekering te beklemtoon, is dit belangrik om te weet dat geen bank of finansieringshuis finansiering aan jou sal verskaf om 'n voertuig te koop sonder bewys van versekering nie!

Onthou:
Niks vir niks en baie bietjie vir 'n tiekie.

In ruil vir die risiko wat hulle namens jou neem, betaal jy hulle 'n maandelikse of jaarlikse premie.

Die meeste versekeringsmaatskappye gee jou 'n korting as jy die jaar se premies vooruit betaal.

Net soos met die meeste dinge het Jan Publiek nie al die nodige kennis om die beste voordeel vir hom te beding nie en daarom is daar tussengangers (makelaars) wat dit namens jou kan doen. Hulle moet ook gelisensieer wees. Daar is baie maatskappye wat adverteer dat hulle goedkoper is omdat die middelman uitgesny word, maar soms is daar fynskrif wat jy nie sien nie.

Daarom 'n woord van waarskuwing: Dink mooi en oorweeg eers al jou opsies voordat jy in 'n bootjie spring wat jy nie kan roei nie of waarvan die spaan vol splinters is.

Die aantal eise wat jy indien, het ook 'n invloed op jou jaarlikse versekeringspremie. Onnodige eise kos dus geld!

'n Maklike en relatief veilige manier om te voorsien vir jou oudag is deur aan te sluit by 'n pensioenfonds of uittredingsannuïteitsfonds. Jy betaal 'n maandelikse bedrag aan die fonds wat die geld namens jou bestuur en op jou oudag trek jy voordeel daaruit. Jy ontvang ook 'n belastingvoordeel.

Doenwenk:

Doen self navorsing en verduidelik aan jou offisier wat jy onder pensioen- en uittredingsannuïteitsfonds verstaan. Skryf dit in die spasies hieronder neer.

Pensioenfonds -

_____

_____

_____

Uittredingsannuïteitsfonds -

_____

_____

_____

_____

Beleggings kan vir sommige mense kompleks wees. Dit is meestal as gevolg van onkunde. 'n Ander rede hiervoor is dat hulle op 'n stadium iets gewaag het en toe hul vingers verbrand. Onthou egter die spreekwoord: “Moenie alle rose haat omdat een doring jou gesteek het nie”. Daar is een geheim om te onthou: daar is geen kitsmanier om ryk te word nie!

Soos in die afdeling 'Entrepreneurskap' gemeld, is daar verskillende tipes besigheidseienaars. Hulle word ook beleggers genoem. Om enige belegging te maak, moet jy die nodige kennis daarvan hê of iemand kan bekostig en genoeg vertrou om dit namens jou te doen.

In die afdeling 'Bestuur van jou eie finansies' moedig ons jou aan om te spaar.

Met daardie spaargeld kan jy begin oefen om beleggings te maak. Ja, jy het reg gelees, oefen om beleggings te maak. Dit is baie soos fietsry, aan die begin gaan jy val en seer kry, maar hoe meer jy aanhou oefen hoe beter word jy daarmee. Al kan jy goed fietsry, beteken dit nie dat jy nooit weer sal val nie! Die belangrikste is om op te staan en verder te ry.

Jy kan begin deur jou geld in 'n vaste deposito by 'n bank te belê; daarna, as jy nog geld het, kan jy dit in 'n geldmarkrekening belê. Later het jy genoeg geld gespaar vir 'n deposito op 'n "tweede eiendom". Kort voor lank is jou beleggings groot genoeg om op te hou werk en dalk op ouderdom 45 af te tree. Dit klink dalk eenvoudig en vinnig. Dit kan wees, maar dit gaan baie selfdissipline, slim en harde werk van jou verg! Wie nie waag nie, wen nie...

'n Belegging is nie 'n belegging as dit jou geld kos nie. 'n Belegging is net iets wat vir jou meer opbrengs gee as wat jy daarin belê. Jy moet egter nie jou brood- en melkgeld gebruik om met beleggings rond te speel nie, want dan word dit dobbel.

Voordat jy enige "geleentheid" benut, moet jy seker maak van al die feite.

Met alle tipes beleggings moet jy jou self afvra, in watter mate is ek bereid om 'n risiko met my geld te neem. Dit is belangrik, want dit bepaal hoe groot jou verwagte opbrengs moet of kan wees. Hoe hoër die risiko, hoe groter kan die opbrengs wees. En andersom.

Slot

Jy het nou baie nuwe en uitdagende beginsels raakgelees wat 'n goeie begin is. Dit is wat jy in die toekoms daarmee gaan doen, wat saakmaak. Lees hierdie paar bladsye weer en weer tot jy dit ken en verstaan. As iets jou prikkel, doen navorsing daaroor - dalk word dit eendag jou beroep. Praat met mense daaroor, hetsy in spanverband, met jou ouers of iemand by die skool. Dit sal jou help om dinge beter te verstaan en te onthou.